**Skriflesing:** Genesis 2:4-24
**Tema:** ‘n Mens is net ‘n mens deur verhoudings.

Daar is ‘n Afrika spreekwoord wat sê: “’n Mens is net ’n mens deur mense.” Is dit waar? Kom ons kyk, vanuit die Skrifgedeelte, hierna.

Die skepping is voltooi. Dit was 'n proses van donkerte na die lig, van chaos na orde en van onherbergsaamheid na bewoonbaarheid.

Nou kan verhoudings, die verhouding tussen God en mens, die verhouding tussen mens en skepping en die verhouding tussen mens en medemens begin.

God het ’n verteenwoordiger nodig om aarde te bewoon, te bewerk en te bewaar. Daarom het God die mens uit die stof van die aarde gevorm. Hy het die wilde diere en voëls ook so, uit grond, gemaak.

As moddermannetjies is ons klein en verganklik. Maar iets onderskei ons van die res van die skepping. In ons is God se lewensasem. Daarom is ons die kroon van die skepping.

Saam met Dawid is ons verwondering hoorbaar in die woorde van Ps 8:4-7:
“4 As ek u hemel aanskou,
die werk van u vingers,
die maan en die sterre waaraan U 'n plek gegee het,
5 wat is die mens dan
dat U aan hom dink,
die mensekind dat U na hom omsien?
6 U het hom net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak
en hom met aansien en eer gekroon,
7 U laat hom heers oor die werk van u hande,
U het alles aan hom onderwerp:”

Ons is nie robotte wat deur God geprogrammeer is om net te doen wat Hy wil nie. Ons volg Hom nie outomaties en blindelings nie. God het die mens gemaak om as Vader met hom of haar in ‘n verhouding te tree. Hy wil ook dat ons met Hom in ’n verhouding sal staan, maar Hy dwing ons nie. Daarom het Hy die mens gemaak met 'n eie wil en keuse. In die wyse waarop die mens besluite neem en keuses uitoefen, word elkeen se verhouding met God sigbaar.

Maar ons as mense moet van begin af in die regte verhouding met God staan. Ons is nie God nie. Ons is deur God gemaak. Ons moet in gehoorsaamheid aan Hom leef.

In die tuin is die twee bome, die boom van die lewe en die boom van alle kennis. Net God is alwetend. Volledige kennis is vir die mens onbereikbaar. Daarom mag die mens nie eet van die boom van kennis nie.

Wanneer ons eet van die vrug van hierdie boom, oorskry ons die grens tussen God en mens, want ons probeer soos God wees. So 'n breek van ons verhouding met God bring hartseer en ellende, eensaamheid en ongeluk. Dit bring skeiding tussen God en mens. Die duiwel weet dit en daarom por hy die mens aan om van die boom te eet.

In die tuin begin God se driepootpotjie van verhoudings. In die tuin begin die verhouding tussen God en mens, mens en die skepping, maar ook die verhouding tussen mens en mens en meer spesifiek die verhouding tussen man en vrou.

Ten spyte van al die mooi dinge in die tuin het daar tog iets gehapper.

Die mens was alleen. Daar was nie vir hom iemand wat hom kan help nie.
In Genesis 2:18 lees ons dat God dit eerste agterkom: “Verder het die Here God gesê: “Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke.”
Die mens kom dit ook agter: “Die mens gee toe name vir al die mak diere, die voëls en die wilde diere, maar vir homself het hy nie 'n helper, 'n gelyke, gekry nie.” (Genesis 2:20)

Daar is net een antwoord. God moet ‘n ewemens maak waarmee die mens in ‘n verhouding kan staan.

Wanneer God die mens maak, doen Hy dit soos ’n pottebakker wat iets uit stof of klei vorm. Maar wanneer Hy die vrou maak, kom sy uit mens. Dit bevestig dat die vrou nie minderwaardig is nie. Sy is van dieselfde materie as die man gemaak.
Sy is uniek vrou. Die man se helper, sy bypassende maat of ander helfde.

Augustinus het dit so mooi gestel: “God het die vrou nie uit die man se kop gemaak dat sy oor hom moet heers nie; ook nie uit sy voete dat hy oor haar moet heers nie, maar uit sy sy, die deel naaste aan sy hart, sodat sy langs hom kan staan.”

Toe Adam haar sien, breek hy uit in ’n liefdeslied vol verwondering: Op verskillende maniere bevestig hy die verhouding en eenheid tussen man en vrou: “sy is een uit myself; een soos ek en ons sal een word.”
Ons is in ‘n Godgemaak verhouding, daarom is man en vrou nie skaam vir mekaar nie.

Hulle kaal wees hier is ‘n fisieke kaal, maar dit is ook meer as dit.

Almal van ons het ‘n onsigbare skulp rondom ons. Ons besluit self hoe ver ons uit ons skulp kom. Waar daar liefde is, waar ons mekaar aanvaar soos ons is en ons aan mekaar getrou is en mekaar onvoorwaardelik vertrou, kom ons verder uit ons skulpe uit as ooit tevore.

In ’n Godgemaakte verhuoding van liefde en trou is man en vrou nie bang omook geestelik, emosioneel, moreel en godsdienstig uit ons skulp te kom en weerloosheid voor mekaar te staan nie.

‘n Mens is 'n mens deur mense. Maar waarom lyk die wêreld dan soos hy lyk – deur misdaad en geweld kom ons mekaar te na?  Waarom lyk huwelike dan soos dit lyk – waarom maak mense mekaar so seer?

Want omgee en liefde vir God, die skepping en mekaar, ontspring nie in die eerste plek in ons verhouding met mekaar nie. ‘n Mens is nie net ’n mens deur mense nie. Alle gesonde, geseënde verhoudings, begin by ‘n lewende verhouding met God.

Deur die doop verseker Hy ons dat Hy in ‘n verhouding met ons staan. En Hy nooi ons uit om te kies om ook in ‘n verhouding met Hom te staan.
Kom ons gee in geloof al meer aan Hom oor. Kom ons te pleit dat Jesus ons sonde van selfsug en liefdeloosheid vergewe, dat die Heilige Gees ons daarvan sal verlos en ons sal verander.

Alleen vanuit ’n lewende verhouding met die Here, sal ons verhoudings met Hom en die skepping  werk.
Alleen vanuit ’n lewende verhouding met die Here, sal ons in die huwelik mekaar se bypassende maats wees.
Amen